



Verwysing: 20170911-4785
12/17/9

Navrae: TG Cloete

Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut: 0008/2017

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumkoördinerings- en -advies, Kringbestuurders, Vakadviseurs, GLOO-personeel, en Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van openbare primêre en sekondêre skole

Onderwerp: Internasionale Skoolbiblioteekmaand — Oktober 2017

1. Biblioteke is die sleutel tot die wêreldwye netwerk wat aan ons toegang tot inligting gee. Dit is dus noodsaaklik dat ons skoolbiblioteke ware leerhulpbronsentrums word en dat die belangrikheid van skoolbiblioteke allerweë erken word.
2. Gedurende Oktober 2017, sal skoolbiblioteke in Suid-Afrika en regoor die wêreld biblioteek- en inligtingsdienste by skole vier en aanmoedig met die gebruik van die tema "**Verbind Gemeenskappe en Kulture**". Die maand van Oktober is deur die Internasionale Vereniging van Skoolbiblioteekwese (IASL) tot Internasionale Skoolbiblioteekmaand (ISBM) verklaar.
3. Die viering van ISBM moet beskou word as erkenning van die rol en belangrikheid van biblioteke in lewenslange leer, d.w.s. die voorsiening van noodsaaklike literatuur en leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) regdeur die skoolstelsel. Internasionale navorsing het getoon dat leerders op 'n hoër vlak presteer en as meer bekwame lesers ontluk wanneer hulle toegang het tot 'n skoolbiblioteek wat 'n goeie hulpbronversameling, boeke wat leerders geniet om te lees, en sterk inligtingsgeletterdheidsprogramme, bevat.
4. Ten einde die belangrikheid van skoolbiblioteke gedurende ISBM te herdenk, word diegene wat in beheer van skoolbiblioteke regoor die wêreld heen is, aangeraai om 'n dag in Oktober 2017 te kies wat die beste by hulle spesifieke situasie sal pas.

5. Maak asseblief die meegaande aanhegtings oop vir:
 - 5.1 'n reeks voorstelle oor hoe die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se skole ISBM-2017 kan vier;
 - 5.2 nuttige webwerwe wat besoek kan word; en
 - 5.3 die amptelike ISBM-kenteken vir gebruik in promosiemateriaal (let daarop dat hierdie kenteken slegs gebruik mag word om ISLM te publiseer en nie vir kommersiële doeleindes gebruik mag word nie).
6. Skole word aangemoedig om 'n volledige verslag (insluitende foto's) aan die volgende EDULIS- en distriksamptenare stuur om te wys wat hulle gedurende ISBM gedoen het sodat dit gepubliseer kan word.

Faith Lawrence	Skoolbiblioteekadviseur, Onderwysdistrik Weskus	tel. 021 860 1562
Janine Ontong	Skoolbiblioteekadviseur, Onderwysdistrik Kaapse Wynland	tel. 023 348 4657
Carol van der Heever	Skoolbiblioteekadviseur, Onderwysdistrik Metro-Suid	tel. 021 370 2084
Timothy Cloete	Koördineerder: Skoolbiblioteekdienste, Onderwysdistrik Eden & Sentrale Karoo Onderwysdistrik Overberg Onderwysdistrik Metro-Noord Onderwysdistrik Metro-Oos Onderwysdistrik Metro-Sentraal	tel. 021 957 9626

GETEKEN: HA LEWIS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING

DATUM: 2017-09-12